Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingshulpbrononderstеuning
Subdirektoraat: Leerdervervoerskemas

Verwysing: 20170327-6479
12/2/8/17/1/2
Navrae: K Lackay

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0002/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale van skole met WKOD-befondsde leerdervervoerskemas

Onderwerp: Bevestiging van leerders wat van WKOD-befondsde leerdervervoer gebruik maak

1. U word verwys na Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0007/2016, waarin skole ingelig is dat die proses om die name van graad R- tot 12-leerders, wat van WKOD-befondsde leerdervervoer gebruik maak, op SOBIS vas te lê afgehandel is.

2. Prinsipale sal 'n geleentheid kry om die besonderhede van leerders, wat van die WKOD-befondsde leerdervervoer gebruik maak, vir die 2017-skooljaar te verifieer. Prinsipale moet seker maak dat leerdername korrek aan roetes en oplaaipunte toegeken word. Dit moet vanaf 15 tot 19 Mei 2019 gedoen word.

3. 'n Loodsprojek sal vanaf 24 April 2017 tot 05 Maart 2017 plaasvind. 'n Geselekteerde getal skole sal 'n geleentheid gebied word om hul leerderbesonderhede te verifieer. Hierdie skole sal direk gekontak word.

4. Daarna sal die oorblywende skole met leerdervervoerroetes 'n geleentheid kry om hul leerderbesonderhede te verifieer.

5. Enige teenstrydighede met betrekking tot leerdername wat vir vervoer gemagtig is of leerders wat gelys is, maar nie meer van WKOD-befondsde leerdervervoer gebruik maak nie, moet by me Rhonell de Vries by die Subdirektoraat: Leerdervervoerskemas (LVS) by Hoofkantoor via tel. 021 467 2136 of e-pos Rhonell.DeVries@westerncape.gov.za aangemeld word.

6. Die stelsel sal die name van leerders, wat die skool verlaat het, outomaties verwyder.

7. Let asseblief daarop dat enige addisionele leerders, wat vir vervoer gemagtig is, slegs deur amptenare by die Subdirektoraat: LVS vasgelê mag word nadat goedkeuring vir hul insluiting via die amptelike LVS-aansoekproses toegestaan is.

8. Sodra die verifikasieproses afgehandel is, sal daar van prinsipale verwag word om op die leerdervervoerbesonderhede op SOBIS af te reken.

9. U samewerking word waardeer.

GETEKEN: TS MATSELISO
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2017-04-04